



23 Mei 2018

## Ouditeur-Generaal betreur gebrek aan aanspreeklikheid met sy vrystelling van die dalende auditverslae van plaaslike owerhede

**KAAPSTAD** – Die ouditeur-generaal (OG), Kimi Makwetu, het vandag verslag gelewer oor die algehele agteruitgang in die auditresultate van Suid-Afrikaanse munisipaliteite vir 2016-17.

Makwetu sê dat, ten spyte van sy kantoor se konstante en volgehoue advies en vermanings aan diegene wat aangekla is van staatsbestuur en nalatigheid oor administratiewe misstappe sedert 2013, is daar meestal nie ag geslaan op hulle raad nie.

“Toe ons die 2011-12 munisipale oudituitkomste in Augustus 2013 vrygestel het, het ons, onder andere, klem gelê op die gebrek aan afdoende leierskap om die gebrek aan aanspreeklikheid aan te spreek deur te verseker dat daar gevolge sou wees vir diegene wat basiese prosesse wat effektiewe munisipale bestuur in die wiele gery het, verontagsaam het. Ons het swakhede in interne beheer en die risiko's wat aandag benodig in plaaslike bestuur uitgewys deur grondoorsake te verskaf vir auditbevindings en aanbevelings om hierdie onderliggende oorsake uit die weg te ruim. Dit is nou vyf jaar later, en ons sit steeds met dieselfde rekenpligtigheids- en bestuursuitdagings waarop ons deur die jare die aandag gevestig het. Daar was geen positiewe verandering ten opsigte van geloofwaardige resultate nie; ons sien, intendeel, die teenoorgestelde in oudituitkomste,” betreur die OG.

Makwetu sê dat hoewel daar munisipaliteite in sommige provinsies is wat toegewyd en hard werk om die verlangde oudituitkomst te behaal en te handhaaf deur 'n diepgewortelde kultuur van rekenpligtigheid en afdoende leierskap, word daardie uitkomst en pogings oorskadu deur die talle elemente van regressies in die plaaslike regering se oudituitkomst.

## **Vorige jaar se advies rakende rekenpligtigheid grootliks verontagsaam**

In sy vorige munisipale verslag vir 2015-16, het Makwetu die regering se administratiewe en oorsig-leierskap op alle vlakke uitvoerig gewaarsku om rekenpligtigheid te prioriteer, en ook gewaarsku teen moontlike regressies in oudituitkomst weens veranderings in die politieke leierskap na die vorige plaaslike verkiesings. Die jongste munisipale resultate dui daarop dat die OG se raad oor oudits in die vorige jaar ten beste grootliks nie geïmplementeer is nie, of ten slegste heeltemal geïgnoreer is, aangesien die oudituitkomst die stand van staatsbestuur waarteen hy nadruklik gewaarsku het, weerspieël.

Makwetu se verslag oor die 2016-17 ouditresultate van die plaaslike regerings kom 'n paar weke nadat Nhlanhla Nene, die Minister van Finansies, die Parlement in 'n skriftelike antwoord vertel het dat 112 munisipaliteite nie die geld het om diensleweringplanne vir die huidige finansiële boekjaar uit te voer nie, en dat slegs 14 van hulle finansiële invorderingsplanne goedgekeur het.

Die minister se aankondiging staaf die OG se volgehoue boodskap, oor jare heen, dat die meeste munisipaliteite se bestuur- en finansiële sake – hulle bedryfstatus – nie op 'n goeie plek was nie.

## **A. Rekenpligtigheid misluk steeds in plaaslike regering**

Tydens die aankondiging van sy jongste munisipale oudituitkomst, het die OG benadruk dat "rekenpligtigheid deurlopend in plaaslike regerings misluk". Dit is die tema van die verslag, en dit wys op die skreiende versuim in bestuur, leierskap en oorsig wat 'n enorme bydrae gelewer het tot ongewenste ouditresultate.

### **Aanduiders van rekenpligtigheidsmislukkings in plaaslike regerings**

Die OG het jare lank reeds ouditboodskappe gedeel wat die belangrikheid van rekenpligtigheid in die bestuur van munisipale sake benadruk, deur te begin met toepaslike beplanning gefokus op die behoeftes van landsburgers, en die instel van toepaslike interne beheer en toesig wat behoorlike finansiële en prestasiebestuur sal verseker. Dit, het hy aangevoer, is vasgemaak aan respek vir die wet in die bestuur van munisipaliteite, monitering deur alle sekerheidsverskaffers dat begrotings- en prestasieteikens behaal word, en dat daar gevolge is vir wanbestuur en nie-prestasie.

By die meeste munisipaliteite is hierdie basiese kontroles nie geïmplementeer nie, en die OG lig die volgende uit as die belangrikste aanduiders van rekenpligtigheidsversuim in plaaslike bestuur gedurende die jaar onder beskouing:

## **1. Oudituitkomste het agteruit gegaan en onreëlmatige uitgawes het toegeneem**

Die OGSA het 257 munisipaliteite en 21 munisipale entiteite geoudit. Die aantal munisipaliteite het verminder vanaf 278, met die samesmelting van sommige munisipaliteite gedurende 2016 (37 munisipaliteite is gesluit en 16 nuwe munisipaliteite is ingestel).

Om verslagleweringseenvoud en geteikende beriggewing te verseker, fokus die jongste verslag slegs op die munisipaliteite. Die oudituitkomste van die munisipale entiteite is ingesluit in die verslag se bylaes (beskikbaar by [www.ogsa.co.za](http://www.ogsa.co.za)).

### **i. Algehele agteruitgang in oudituitkomste**

Van die geouditeerde munisipaliteite het die oudituitkomste van 45 versleg terwyl dié van 16 verbeter het. Slegs 33 munisipaliteite (13%) het daarin geslaag om gehalte finansiële state en prestasierekords te produseer, en ook te voldoen aan al die sleutelwetgewing, en daardeur 'n skoon oudit te kry.

### **ii. Swak gehalte van ingediende finansiële state en prestasieverlae**

Makwetu noem dat geloofwaardige finansiële state noodsaaklik is om rekenpligtigheid en deursigtigheid te verseker, maar dat munisipaliteite in hierdie areas misluk. "Nie alleen het die ongekwalifiseerde menings oor die finansiële state van 68% tot slegs 61%o

verminder nie, maar was die finansiële state wat aan ons voorgelê is vir ouditering, selfs erger as in die vorige jaar. Slegs 22% van die munisipaliteite kon vir ons finansiële state sonder wesenlike foute gee. Daarbenewens het die prestasieverslae van 62% van die munisipaliteite wat verslae geproduseer het, wesenlike foute gehad en was nie geloofwaardig genoeg vir die raad of die publiek om te gebruik nie,” sê die OG.

### **iii. Hoogste vlak van nie-voldoening aan sleutelwetgewing sedert 2012-13**


Die OGSA het wesenlike nievoldoening aan sleutelwetgewing by 86% van die munisipaliteite gerapporteer. Dit is die hoogste persentasie van nievoldoening sedert 2012-13. Munisipaliteite met wesenlike voldoeningsbevindings oor voorraadkettingbestuur het van 63% tot 73% gestyg.

### **iv. Onreëlmatige uitgawes het vermeerder, maar munisipaliteite verbeter hulle opsporing en verslaglewering**

Die OG rapporteer 'n 75% toename in munisipale onreëlmatige besteding, van R16,212 biljoen in die vorige jaar tot R28,376 biljoen in die jaar onder beskouing. Hy was egter gou om uit te wys dat munisipaliteite in 2016-17 'n aansienlike poging aangewend het om onreëlmatige uitgawes wat in voorafgaande jare aangegaan is, te identifiseer en deursigtig daaroor verslag te lewer. Dit is verantwoordelik vir R15,026 biljoen van die totaal, wat onreëlmatige uitgawes is wat in vorige jare aangegaan is maar slegs in 2016-17 geïdentifiseer en gerapporteer is. Terwyl daar 'n sigbare verbetering is in opsporing, moedig hy 'n meer robuuste voorkoming van onreëlmatige uitgawes aan.

Die oorblywende R13,350 biljoen hou verband met betalings of uitgawes wat in 2016-17 aangegaan is deur die nuwe plaaslike bestuursadministrasie, wat 4% van die plaaslike regering se uitgawebegroting verteenwoordig. Dit sluit in betalings gemaak aan kontrakte wat in die vorige jaar onreëlmatig toegeken is – indien die nievoldoening nie ondersoek en gekondoneer is nie, sou die betalings aan hierdie multijaar-kontrakte steeds gesien en openbaar gemaak word as onreëlmatige uitgawes.

Irregular expenditure increased from R16,212 billion to R28,376 billion (75% increase)



#### Irregular expenditure incurred in previous years, identified in current year

53% of the irregular expenditure were payments/expenses in previous years only uncovered and disclosed for the first time in 2016-17.

Municipalities made a significant effort in 2016-17 to identify and disclose irregular expenditure.

#### Irregular expenditure identified in current year

47% of the irregular expenditure were payments/expenses in 2016-17.

This represents 4% of the local government expenditure budget. It includes payments made on contracts irregularly awarded in a previous year – if the non-compliance was not investigated and condoned, the payments on these multi-year contracts continue to be viewed and disclosed as irregular expenditure.

How much of the R28,376 billion then represents non-compliance in 2016-17? Based on our analysis of the top 26 contributors, it is estimated to be 16% (+ R4,5 billion).

In other words, 84% of irregular expenditure relates to non-compliance of prior years which remain unaddressed.

53% was onreëlmatige uitgawes van vorige jare wat eers in 2016-17 blootgelê en openbaar gemaak is

47% van die onreëlmatige uitgawes was betalings/uitgawes in 2016-17. Dit verteenwoordig 4% van die plaaslike regering se uitgawebegroting.

Dit sluit in betalings gemaak op kontrak wat in 'n vorige jaar onreëlmatig toegewys is – indien die nie-voldoening nie ondersoek en gekondoneer is nie, word die betalings op hierdie multijaar-kontrakte steeds gesien en verklaar as onreëlmatige uitgawes

## 2. Min verbetering in die rekenpligtigheidsiklus

Makwetu sê die aanbevelings wat die vorige jaar deur sy kantoor gemaak is om te verseker dat die basiese strukture in plek is ten rekenpligtigheid en oudituitkomst te verbeter, het by die meeste munisipaliteite nie die nodige aandag gekry nie. Dit, merk hy op, "is duidelik uit die bevindings van ons oudits wat ingesluit het dat aandag nie gegee is aan oudit-aksieplanne, prestasiebeplanning en begroting nie (wat gelei het tot ongemagtigde uitgawes van R12,6 biljoen), en regressies van wisselende grade in die status van interne beheer en die assurances verskaf deur die verskillende rolspelers in plaaslike regering".

## **i. Versuim om bevindings te ondersoek**

Wat Makwetu die meeste bekommer, is 'dat daar nie ag geslaan is op sy kantoor se gereelde en dringende versoeke vir strenger konsekwensies nie". "Ons het die nodige nievoldoening aan wetgewing by 55% van die munisipaliteite gerapporteer. Hierdie gebrek aan konsekwensies is ook duidelik in munisipaliteite wat weereens nie voldoende aandag geskenk het aan die bevindings oor voorraadkettingbestuur en die aanduiders van moontlike bedrog of onbehoorlike gedrag wat ons gerapporteer en vir ondersoek aanbeveel het nie."

Hy sê dat hulle in 2015-16 sodanige bevindings by 148 munisipaliteite aangemeld het, maar 47% van hierdie munisipaliteite het nie enige van die bevindings ondersoek nie, en 24% het slegs sommige van die bevindings ondersoek. In 2016-17 het hulle hierdie soort bevindings by 145 van die munisipaliteite aangemeld, van wie 71% ook in 2015-16 sodanige bevindings gehad het.

By 61% van die munisipaliteite het die raad nie daarin geslaag om die vereiste ondersoek na alle gevalle van ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes in die vorige jaar uit te voer nie – 'n regressie van 52% in die vorige boekjaar.

## **ii. Versuim om op te tree teen bevindings**

"Voldoende stappe is ook nie geneem om ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose uitgawes soos deur wetgewing vereis, te verhaal, af te skryf, goed te keur of te kondoneer nie. As gevolg daarvan het die jaareind-balans van onreëlmatige besteding wat oor baie jare opgehoop het en wat nie verreken is nie, 'n totaal van R65,32 biljoen bereik, terwyl dié van ongemagtigde uitgawes R43,5 biljoen en dié van vrugtelose en verkwistende uitgawes R4,24 biljoen was," verklaar hy.

## **3. Toenemend moeilike omgewing vir ouditering**

Die OG verklaar ook dat die oudit-omgewing waarin sy ouditspanne moet werk, meer vyandig geword het, met verhoogde verset teen ouditbevindings en druk waaronder hulle ouditprosesse en motiewe bevraagteken word.

By sommige geouditeerdes, onthul hy, is druk geplaas op ouditspanne om bevindings te verander bloot om negatiewe oudituitkomstes of die blootlegging van onreëlmatige

uitgawes te vermy – sonder voldoende redes. Sommige geouditeerdes het verdragingsstegnieke gebruik deur nie inligting en bewyse, soos versoek, te verskaf nie. “Leierskap behoort die toon vir rekenpligtigheid aan te gee – as oudituitkomst nie is soos verlang nie, moet energie gerig word op die aanspreek van die probleem en nie om die ouditeure te dwing om hulle gevolgtrekkings te verander nie,” het die OG benadruk.

## **Negatiewe impak van mislukkings in rekenpligtigheid op die lewens van burgers**

Die mislukkings in rekenpligtigheid van plaaslike regerings, vermaan die OG, het tot gevolg dat munisipaliteite nie hulle doelwitte bereik nie, wat op sy beurt ‘n negatiewe impak op die lewe van burgers het. Die OGSA se oudits lig drie sleutel-impakareas uit, naamlik:

- Finansiële gesondheid van munisipaliteite
- Vrugtelose en verkwistende uitgawes
- Die lewering en instandhouding van munisipale infrastruktuur

Voorbeelde van hoe mislukkings in rekenpligtigheid die lewens van burgers negatief beïnvloed, sluit in:

### **i. Finansiële gesondheid van munisipaliteite**

Die onvermoë om skuld van munisipale verbruikers in te vorder, was wydverspreid. Onder hierdie omstandighede is dit onafwendbaar dat munisipaliteite sal sukkel om hulle boeke te laat klop. In totaal het 31% van die munisipaliteite ‘n tekort aangemeld – die totale tekort vir hierdie munisipaliteite het R5,6 biljoen beloop.

Die finansiële ellendes van die plaaslike regering weeg ook swaar op munisipale krediteure. Die impak van hierdie onvermoë om krediteure te betaal, het die duidelikste geblyk uit die enorme somme geld wat geskuld word vir die voorsiening van elektrisiteit en water aan Eskom en die waterrade, onderskeidelik.

‘n Kombinasie van verskeie faktore, insluitend swak inkomste- en begrotingsbestuur en die nie-betaling van krediteure, het gelei daartoe dat 31% van die munisipaliteite laat

blyk het in hulle finansiële state dat hulle miskien nie in staat is om voort te gaan om in bedryf te bly nie. Hoewel hulle moet voortgaan om te funksioneer, het hulle gerapporteer dat hulle aan die einde van die finansiële jaar in 'n besonder kwesbare finansiële posisie is.

“Terwyl die swak ekonomiese klimaat wel 'n rol speel in die agteruitgang van munisipaliteite se finansiële gesondheid, is daar baie wat bloot net nie hulle finansies so goed bestuur as wat hulle moet nie,” aldus die OG.

## **ii. Vructelose en verkwistende uitgawes**

Vructelose en verkwistende uitgawes het R1,5 biljoen beloop ('n 71% styging vanaf die vorige jaar). Die OG verklaar dat “dit moeilik is om te sê hoeveel geld verlore gegaan het weens onreëlmatige prosesse, aangesien dit bepaal moet word deur 'n ondersoek, maar die nie-voldoening wat ons gerapporteer het by 78% van die munisipaliteite kan potensieel tot 'n finansiële verlies lei”.

## **iii. Tekortkomings in die ontwikkeling en handhawing van infrastruktuur**

Die OGSA se oudits het weereens 'n aantal tekortkomings in die ontwikkeling en handhawing van infrastruktuur by munisipaliteite geïdentifiseer. Dit het ingesluit die onderbesteding van toelaes, vertragings in die voltooiing van projekte, swak gehalte vakmanskap, en onvoldoende monitering van kontrakteurs.

“Hierdie kwessies is simptome van die groter probleem wat plaaslike owerhede het met die bestuur van finansies, werkverrigting en projekte en met die aanvaarding van die verantwoordelikheid vir uitkomst. Hoewel befondsing en ondersteuning algemeen beskikbaar is van die nasionale regering vir die ontwikkeling en handhawing van munisipale infrastruktuur, is die nielewing daarvan by sommige munisipaliteite en die impak op gemeenskappe kwessies wat die mees gefokuste aandag deur alle rolspelers benodig om te verseker dat die doelwit van 'n beter lewe vir almal bereik word,” sê Makwetu.



### Hieronder is voorbeelde van aanspreeklikheidsversuim aan munisipale infrastruktuur:

- Themba watersuiweringsaanleg (Stad van Tshwane Metro) – Die projek is vertraag weens die niebetaling of laat betaling van kontrakteurs, wat bygedra het tot nievoldoening aan uitgawebestuur en rente aangegaan op die laat betaling aan kontrakteurs. Die redes vir die nievoldoening aan die projek was die gebrekkige projekbestuur van sleutel-mylpale; gebrek aan beplanning voor die aanstelling van die kontrakteur, wat gelei het tot oorspandering aan die projek; en onvoldoende monitering van die kontrakteur.
- Konstruksie van Thabong T16 spoelsanitasie (Matjhabeng) – Die projek het in 2014-15 begin teen 'n begrote bedrag van R62 miljoen. Die munisipaliteit het die konstruksie van die toiletstrukture, loodgieterswerk en binneriolering geprioritiseer voor die vragnetwerk by die pompstasie, terwyl die rioleringspyplyn ook nie aan die pompstasie gekonnekteer is nie. Dit het gelei tot 'n rioolorloop rondom die konstruksiegebied, wat besoedeling veroorsaak het en potensieel die gesondheid en veiligheid van die Thabong-inwoners in gevaar kon bring. Die aanstelling van die kontrakteurs was onregmatig en die projek was steeds aan die gang. Tot op datum is daar R54 miljoen aan hierdie kontrak spandeer.

### Redes vir aanspreeklikheidsmislukkings

Die OG se verslag sonder die volgende uit as van die bydraende faktore tot die mislukkings van aanspreeklikheid en die agteruitgang in oudituitkomste:



- Vakatures en onstabiliteit in sleutelposte het stelselmatige en gedissiplineerde verbeterings vertraag.

- Onvoldoende vaardighede het gelei tot 'n gebrek aan oorsig deur rade (insluitend die burgemeester) en onvoldoende implementering en handhawing van finansiële en prestasiebestuurstelsels deur die administrasie.
- Politieke binnegevegte op raadsvlak en inmenging in die administrasie het oorsig verswak, hantering van gevolge belemmer en plaaslike regering minder aantreklik gemaak vir professionele mense om by aan te sluit.
- Leierskap se gebrek aan of inkonsekwente leierskap het 'n kultuur geskep van 'geen gevolge', dikwels weens onvoldoende prestasiestelsels en -prosesse.
- By sommige munisipaliteite was daar 'n blatante geringskatting van beheer (insluitend goeie rekordhouding) en voldoening aan sleutel-wetgewing, aangesien dit 'n omgewing geskep het waarin dit maklik sal wees om bedrog te pleeg.
- Leierskap het nie herhaalde oudit-aanbevelings en waarskuwings van risiko's waarop hulle voorbereid moes wees, ernstig opgeneem nie.
- Munisipaliteite het gefokus op die verkryging van ongekwalfiseerde finansiële state teen 'n groot koste deur konsultante en ouditeure te gebruik, wat gelei het tot die benadeling van geloofwaardige prestasie-verslaglewering en voldoening aan sleutelwetgewing.
- Provinsiale en nasionale rolspelers het munisipaliteite nie voldoende ondersteuning gegee nie.

## **Parlement finaliseer beraadslaging oor OGSA se moontlike verwysingsmagte**

Die OG se aankondiging oor die voortslepende gebrek aan aanspreeklikheid in plaaslike bestuur kom op 'n tyd wat die parlementêre komitee verantwoordelik vir sy amp – die veelparty Staande Komitee oor die Ouditeur-Generaal (SCoAG) – besig is om sy beraadslaging oor moontlike wysigings aan die Wet op Openbare Oudit, die wetgewing

wat die werksaamhede bestuur van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA), die land se opperste oudit-instelling, te finaliseer.

Die wysigings, indien goedgekeur, sal die ouditkantoor voorsien van die mag om wesenlike onreëlmatighede te verwys na aangewese instansies om te ondersoek, asook met 'n vlak van remediërende mag, insluitend die verhaling van geld wat verlore gegaan het as gevolg van onreëlmatighede. Materiële onreëlmatighede sal insluit enige nievoldoening aan wetgewing, bedrog of diefstal, of 'n verbreking van fidusiêre diens wat 'n aansienlike finansiële verlies, die misbruik of verlies van 'n aansienlike openbare hulpbron, of aansienlike skade aan 'n openbaresektor-instelling of die algemene publiek veroorsaak of sal veroorsaak.

**Hieronder is enkele voorbeelde van wesenlike (materiële) onreëlmatighede wat deur die OGSA gerapporteer is, en wat van die gevalle sou gewees het wat verwys sou kon word indien die OGSA reeds daardie verwysingsmagte gehad het:**

- ✓ Die OGSA het in 2015-16 verskeie onreëlmatighede geïdentifiseer in die kontraktering van 'n konsultant om teen 'n koste van R3,8 miljoen te help met die finansiële verslaggewing by 'n munisipale entiteit. Dit het ingesluit die afwesigheid van 'n getekende diensvlakooreenkoms, gereelde kontrakverlengings, buitensporige tariewe per uur en 'n gebrek aan monitering van die werk wat deur die konsultant uitgevoer is. Ten spyte van die OGSA se verslag aan die raad dat hierdie kontrak potensieel bedrieglik was, het die raad nie enige stappe geneem om die sake wat geopper is, te ondersoek nie.
- ✓ 'n Distriksmunisipaliteit het R164 miljoen skuld aangegaan vir vrugtelose en verkwistende uitgawes aan 'n waterprojek wat aanvanklik deur die munisipaliteit begin is. As gevolg van werk van minderwaardige gehalte, moes die Departement van Watersake die projek van die begin af oordoen. Die munisipale leierskap het nie opgetree in die beste belang van die munisipaliteit nie, wat nie alleen gelei het tot aansienlike finansiële verliese nie, maar ook tot vertraging in dienslewering.

- ✓ 'n Munisipaliteit het 'n afgewese ouditmening gekry, met materiële bevindings oor prestasierapportering en voldoening aan wetgewing vir die afgelope drie jaar. Gedurende hierdie periode was daar onstabilliteit in die munisipale bestuurder se posisie, omdat hierdie posisie vir slegs twee maande in die 2016-17 jaar gevul was. Gevolglik is daar, sonder enige gevolge, verkeerde en misleidende inligting aan die AGSA verskaf.
- ✓ Onreëlmatige uitgawes was algemeen by 'n munisipaliteit, maar nie een van die aangemelde gevalle is ondersoek nie. Die munisipale bestuurder het, deur die besonderhede met opset van die raad te weerhou, nie aan die raad die geleentheid gebied om te besluit oor die ondersoek nie. Die provinsiale tesourie het probeer help, maar ook, weens verlore inligting, teen 'n muur te staan gekom. As gevolg daarvan kan dit nie bepaal word of daar verliese is wat verhaal moet word nie.

## B. Die oudituitkomst met een oogopslag

In sy jaarlikse oudits ondersoek die OGSA die volgende aspekte:

- Billike voorstelling en afwesigheid van wesenlike verdraaide voorstellings in finansiële state
- Betroubare en geloofwaardige prestasie-inligting vir die doel van verslaglewering oor voorafbepaalde prestasiedoelwitte
- Voldoening aan alle wetgewing wat finansiële sake bepaal


Die geouditeerde instelling behaal 'n skoon oudit wanneer sy finansiële state ongekwalifiseerd is, sonder enige ouditbevindings rakende verslaglewering oor voorafbepaalde doelwitte en voldoening aan wetgewing.

### **Totaal van plaaslike regering se uitgawebegroting in 2016-17**

Die uitgawebegroting vir die munisipale sfeer in 2016-17 was R362,13 biljoen. Munisipaliteite met skoon ouditmenings verteenwoordig R25,68 biljoen (7%) van hierdie bedrag, terwyl diegene met ongekwalifiseerde menings met bevindings R243,82 biljoen (68%) verteenwoordig. Munisipaliteite met gekwalifiseerde ouditmenings vorm R61,14 biljoen (17%) van die totale begroting, terwyl diegene met ongunstige en afgewese menings R22,81 biljoen (6%) verteenwoordig. Die munisipaliteite met uitstaande oudits maak R8,68 biljoen (2%) van die totale uitgawebegroting uit.

### Beweging in munisipale oudit-uitkomst

Die grafiek hieronder wys die bewegings van die munisipale oudit-uitkomst in die onderskeie provinsies:



Die opsomming hieronder wys daarop hoe die verskillende provinsies, in alfabetiese volgorde, in die jaar onder beskouing presteer het:

## Oos-Kaap

Die tendens van verbeterings oor die afgelope paar jaar in die Oos-Kaap is nie voortgesit nie. Ses munisipaliteite in die provinsie het hulle uitkomstes verbeter, maar sewe het teruggesak. “Ons het hierdie munisipaliteite gewaarsku om die administrasie so stabiel moontlik te hou, vakante poste te vul, en nie die kompleksiteit van die samesmeltings van munisipaliteite te onderskat nie. Die grootste rede tot kommer in hierdie provinsie was die mislukking in rekenpligtigheid in die areas van voorraadketting-bestuur en infrastruktuurontwikkeling. Infrastruktuurprojekte is nie gelewer nie as gevolg van swak beplanning en projekbestuur. Onreëlmatige uitgawes van R13,558 biljoen (48% van die totale onreëlmatige uitgawes) is aangegaan deur munisipaliteite in die Oos-Kaap. Dit het 35% van hulle provinsiale plaaslike regering se uitgawebegroting verteenwoordig,” sê Makwetu.

Die grafiek hieronder gee 'n kort opsomming van hoe die provinsie in verskillende ouditareas presteer het:



## Vrystaat

Die OG sê die volgehoue gebrek aan rekenpligtigheid en mislukkings van leierskap in die Vrystaat was die vernaamste oorsaak van owerheidsmislukkings, wat gelei het 'n aansienlike terugval in die oudituitkomstes van die voorafgaande jaar. Sewe munisipaliteite het teruggeval, terwyl geen geouditeerdes in staat was om te verbeter nie.



“Die agteruitgang in munisipaliteite se finansiële gesondheid was die gevolg van leierskap wat nie die begroting in ag geneem het wanneer daar strategiese projekte aangegaan is nie, nie altyd die beste prys vir goedere en dienste betaal het nie, en verkwisting wat veroorsaak is deur swak beplanning. Sonder verbeterde fiskale dissiplines vir die meer effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van hulpbronne, sal munisipaliteite se finansiële gesondheid en dienslewering aanhou om agteruit te gaan,” sê Makwetu.



## Gauteng

Die resultate in Gauteng het onveranderd gebly met al die munisipaliteite wat hulle uitkomstes van die vorige jaar gehandhaaf het. “Dit was die enigste provinsie wat 100% ongekwalifiseerde ouditmenings gehad het. Ons beklemtoon steeds dat nievoldoening aan wetgewing die vernaamste struikelblok bly wat die meeste munisipaliteite in die provinsie weerhou daarvan om ‘n skoon oudit te kry,” aldus die OG.



## KwaZulu-Natal

Die provinsie het die afdraande pad wat hy in 2015-16 begin het, voortgesit, met 13 munisipaliteite wat teruggeval het. Die OG waarsku dat selfvoldaanheid en ‘n versuim om voort te bou op die vorige administrasie se verbintenisse, ‘n uitwerking op hierdie munisipaliteite gehad het. “Leierskap het nie met beslistheid omgegaan met die

swakhede wat ons aangemeld en waaroor ons hulle gewaarsku het nie. As hierdie verval van rekenpligtigheid nie hanteer word nie, sal die regressies voortgaan,” waarsku Makwetu.



## Limpopo

Limpopo het vyf munisipaliteite gehad wat in die jaar onder oorsig teruggesak het. Die OG sê die provinsie word “gekenmerk deur selfvoldaanheid met ongekwalfiseerde finansiële state wat as goed genoeg beskou word, en swak presteerders met hoë vlakke van oortredings sonder enige gevolge. Dit het plaasgevind ten spyte van die premier se verbintenis in die vorige jaar om strenger gevolge te implementeer. Mislukkings in rekenpligtigheid is ook duidelik in onvoldoende infrastruktuur-ontwikkeling en finansiële bestuur, wat ‘n impak het op die lewering van dienste”.



## Mpumalanga

Mpumalanga het ‘n verbetering gesien in die totale 2016-17 oudituitkomste – ‘n voortsetting van die tendens van stadige maar konstante verbeterings oor die afgelope klompie jare. Hoewel dit vermelding verdien, merk die OG op dat “heelwat werk nog nodig is om te verseker dat die verbeterings volhoubaar is, om onreëlmatige uitgawes (wat 10% van die provinsie se plaaslike regering se begroting uitmaak) te beperk, en om vertraging in infrastruktuur en basiese dienslewering aan te spreek”.





**Clean audits: 10%**  
(2015-16: 16%)



**Quality financial statements: 65%**  
(2015-16: 47%)



**Quality performance reports: 40%**  
(2015-16: 37%)



**No findings on compliance with legislation: 10%**  
(2015-16: 16%)



**Irregular expenditure: R1 996 m**  
(2015-16: R1 467 m)

## Noord-Kaap

In die Noord-Kaap het die totale uitkomst dieselfde gebly (twee munisipaliteite het verbeter en twee het teruggeval). Die stagnasie bevestig dat ons vorige jaar se boodskap van burgemeesters, munisipale bestuurders en senior bestuur wat nodig is om mekaar en hulle onderhoriges rekenpligtig te hou, blatant verontagsaam is, en gelei het tot baie gevalle waar soortgelyke bevindings tydens die ouditproses geopper is.



**Clean audits: 3%**  
(2015-16: 7%)



**Quality financial statements: 48%**  
(2015-16: 46%)



**Quality performance reports: 24%**  
(2015-16: 17%)



**No findings on compliance with legislation: 4%**  
(2015-16: 8%)



**Irregular expenditure: R261 m**  
(2015-16: R457 m)

## Noord-Wes

Noord-Wes, sê die OG, het uitgestaan wanneer dit kom by onreëlmatige uitgawes – en dra 15% by tot die totale onreëlmatige uitgawes in 2016-17, wat 22% van hulle provinsiale plaaslike staatsuitgawe-begroting verteenwoordig. “Ons is veral besorg oor die lewering en handhawing van infrastruktuur, asook die gebruik van toelaes in Noord-Wes,” sê die OG.

“Die afwesigheid van rekenpligtigheid vir gesonde finansiële bestuur deur die leierskap het 'n negatiewe impak gehad op munisipaliteite se finansiële lewensvatbaarheid. Teen agt (35%) was die finansiële inligting nie betroubaar genoeg om finansiële lewensvatbaarheid te ontleed nie (aangesien hulle teenstrydige menings gehad het), terwyl 'n verdere 20% in 'n kwesbare finansiële posisie was. Gegewe die reeds kwesbare posisie van plaaslike regering, is ons baie besorg oor die oorbesteding van R1,19 biljoen.”

Hy sê die finansiële lewensvatbaarheid van munisipaliteite moet dringend aandag kry, aangesien dit 'n direkte impak het op hulle vermoë om voort te gaan met dienslewering.



## Wes-Kaap

Teen 70% het die Wes-Kaap steeds die groot konsentrasie van munisipaliteite met skoon oudits gehad, maar die ouditresultate van ses munisipaliteite, insluitend die Stad Kaapstad, het in die jaar onder beskouing teruggesak. Makwetu sê veranderings na die plaaslike regering se verkiesings "het 'n mate van stabiliteit in belangrike senior posisies tot stand gebring, maar die agteruitgang kan meestal toegeskryf word aan risiko's en aanbevelings wat nie die aandag wat hierdie sake verdien het, ontvang het nie".



## Ouditresultate van metropolitaanse munisipaliteite gaan agteruit

In die geheel gesien, het oudituitkomst van die agt metro's teruggesak, met Buffelstad wat verbeter het, maar Mangaung en die Stad Kaapstad wat teruggesak het. Hoewel ses van die metro's ongekwalifiseerde finansiële state geproduseer het, het slegs 50% geloofwaardige prestasieverslae gehad, en het almal wesenlike nievoldoeningsbevindings gehad.

Die onreëlmatige uitgawes het by die metro's aansienlik vermeerder, maar dit was meestal as gevolg van die blootlegging en openbaarmaking van onreëlmatige uitgawes

uit vorige jare. Die finansiële gesondheid van die helfte van die metro's was stabiel, maar die OGSA het sy kommer uitgespreek oor die Stad Johannesburg, Stad Tshwane en Nelson Mandelabaai, met Manguang in 'n besonder kwesbare finansiële posisie.

## Slot

Ons het oor en oor gesien dat baie van die munisipaliteite se probleme wat ons uitgewys het, omgekeer kan word deur sterk, etiese en dapper leierskap in die administrasie en bestuursrade, met die steun van die provinsiale regering. Ons het ook deurlopend en indringend aanbeveel, gewaarsku en soms diegene wat aangekla word van plaaslike wanbestuur en nalatigheid, omgepraat dat as die basiese beginsels van rekenpligtigheid, gebou rondom sterk interne beheer en goeie bestuur, in plek is, munisipaliteite in staat sal wees om te voldoen aan die verwagtings van die gemeenskappe wat hulle dien. Niks meer hoef gesê te word oor die erns van die mislukkings in rekenpligtigheid onder plaaslike owerhede nie.

As die land se hoogste oudit-ampsbediening, het ons altyd aanvaar dat ons 'n belangrike rol het om in die openbare sektor se rekenpligtigheidsketting te speel. Om dit te bewerkstellig, gaan ons verder as die basiese ouditerings- en verslagleweringrol van die ouditeur. Gedurende die jaar is ons pro-aktief by munisipaliteite betrokke – deur ons status van rekord-oorsigte – met die doel om regdeur die jaar die aandag te vestig op swakhede in interne beheer, en om vroeg tot korrektiewe aksie oor te gaan. Deur ons bestuurs-, oudit- en algemene verslae, het ons ook gerapporteer oor die swakhede in interne beheer en die risiko's wat aandag in plaaslike regerings vereis. In ons verslae bied ons die grondoorsake vir ouditbevindings en aanbevelings om die grondoorsake aan te spreek. Ons maak seker dat ons boodskappe gehoor word deur in gesprek te tree met senior amptenare, munisipale bestuurders, burgemeesters, munisipale komitees oor openbare rekeninge, en bestuursrade. Dit hang nou af van die leierskap en administrasie om beslissend op ons aanbevelings te reageer, om sodoende uiteindelik 'n beter lewe vir die burgers van Suid-Afrika te verseker. Ons glo dat leierskap in administratiewe en oorsigstrukture soos die nasionale en provinsiale tesourie, nasionale en provinsiale departemente wat plaaslike regering, munisipale rade en munisipale komitees oor

openbare rekeninge hanteer, 'n sleutelrol het om te speel om die prentjie van die huidige plaaslike regerings se oudituitkomste om te draai.

**Uitgereik deur:** Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

**Kontakpersoon:** Africa Boso • (012) 422 9880 • Africab@agsa.co.za



**Volg die OGSA op Twitter:** AuditorGen\_SA

**Medianota:** Die *Gekonsolideerde algemene verslag oor die WBMF plaaslike oudituitkomste* is beskikbaar by [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za).

**Oor die OGSA:** Die OGSA is die land se hoogste ouditinstelling. Dit is ook die enigste instelling wat, volgens wet, moet oudit en rapporteer oor hoe die regering belastingbetalers se geld spandeer. Dit was sedert die OGSA se instelling in 1911 die fokus van die OGSA. Die organisasie het in 2011 sy 100-jarige openbare sektor ouditeringsnalatenskap gevier.